

<u>Transversale Golwe</u>	<u>Longitudinale Golwe</u>
☆ 'n Transversale golf is 'n golf waar die versteuring van die medium loodreg is op die voortplantingsrigting.	☆ 'n Longitudinale golf is 'n golf waar die versteuring van die medium ewewydig is aan die voortplantingsrigting.
☆ Die hoogste gedeelte van die golwe word die kruine genoem en die laagste, die dale (trôe)	☆ 'n Longitudinale golf het verdunnings en verdigtings
☆ Twee punte op die golf beweeg in fase indien hulle dieselfde beweging op dieselfde oomblik uitvoer.	☆ Twee punte op die golf beweeg in fase indien hulle dieselfde beweging op dieselfde oomblik uitvoer.
☆ Golflengte (λ): Is die afstand tussen twee opeenvolgende punte wat in fase is- meter (m).	☆ Golflengte (λ)*: Die afstand tussen die middelpunte van een verdigting en die middelpunt van die volgende verdigting, of verdunnings – meter (m)
☆ Frekwensie (f): Is die aantal heelgolwe wat in een sekeonde by 'n vaste punt verby beweeg- hertz (H_z). $f = 1/T$	☆ Frekwensie (f): Dit is die aantal verdigtings of verdunnings wat in een sekonde by gegewe punt verby gaan- hertz (H_z) $f = 1/T$
☆ Amplitude (A): is die maksimum verplasing van die golf vanaf die ewewigposisie- meter(m)	☆ Amplitude (A)*: Die maksimum verplasing wat 'n punt sal beweeg vanaf die rusposisie- meter (m)
☆ Periode (T): Is die tyd wat dit neem om een volledige golf te voltooi- sekondes(s) $T = 1/f$	☆ Periode (T): Is die tyd wat dit neem om een volledige golf te voltooi sekondes (s). $T = 1/f$
☆ Spoed (v): Die afstand deur die golf af gelê in een sekonde- per meter sekonde ($m.s^{-1}$) Spoed= afstand/tyd of spoed = frekwensie $\times$ golflengte.	☆ Spoed (v): is die spoed waarteen die pulse deur die medium in die voortplantingsrigting van die golf beweeg. Spoed = frekwensie $\times$ golflengte $v = f\lambda$